# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120

Omsendbrief 14 van 2023

11 Mei 2023

Geagte Ouers




**1. DAGROOSTER: 15 - 19 Mei 20**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 2 |
| Dinsdag | - | Dag 3 |
| Woensdag | - | Dag 4 |
| Donderdag | - | Dag 5 |
| Vrydag | - | Dag 6 |

2. **SKAAK**
Baie sterkte aan die spelers wat op Saterdag, 13 Mei aan 'n skaaktoernooi in Witrivier by Hoërskool Rob Ferreira gaan deelneem. Betrokke leerlinge het reeds briewe ontvang.

3. **RUGBY EN NETBAL**
Sterkte aan al ons spanne wat aan die volgende wedstryde gaan deelneem:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag | 16 Mei 2023 | Witrivier | Tuis |

Betrokke leerlinge sal briewe met die nodige inligting ontvang.

4. **HEMELVAART – 18 MEI 2023**
Bogenoemde dag is 'n normale skooldag. Die middag sal daar geen buitemuurs plaasvind nie.

5. **PA-EN SEUNAAND**
Bogenoemde geleentheid sal op Vrydag, 19 Mei vanaf 17:30 op die A-veld plaasvind. Alle pa's en seuns word uitgenooi na hierdie besondere dag. Bring jou eie vleis, eetgerei en drinkgoed saam. Die pap en sous word voorsien. Pappas wat net dogters het is ook welkom, maar die dogters moet asseblief tuis bly.

6. **DEPARTEMENTELE SPORTDAG**
Die skool sal in opdrag van die Departement van Onderwys op 12 Mei 2023 gesluit wees. Alle onderwysers gaan betrokke wees by die departement se sport en leerlinge wat gaan deelneem sal briewe ontvang.

7. **<u>KULTUURFEES</u>**

Baie sterkte aan een en elkeen wat nog deelneem op Maandag, 15 Mei 2023.

| Taal/ Language | Item | Kategorie Category | Datum Date |
|---|---|---|---|
| Afr & Eng | **Gedramatiseerde poësie Dramatised poetry Monoloë /Monologues**<br>Swart klere & kaalvoet / Black shirt, pants & bare foot<br>Gebruik die hele verhoog met swart blokke.<br>Use the whole stage with black blocks. | Gr R - 7 | Maandag/Monday<br>15 Mei/May |

8. **<u>NETBAL</u>**

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat in die Puma-netbalspanne opgeneem is vir 2023:

**0/12 A1**
Mabatho Ngomane
Remofilwe Gaolaolwe
Elizabeth du Toit
Kayla Honeyborne

**0/12 A3**
McKayla Vorster
Linka Winterbach

**0/13 A1**
Lungile Mokwena

**0/13 A2**
Tylo Bouwer-Kemp

**0/13 A3**
Olerato Hlongwane
Danielle v Rooyen
Irene Verster

Ons is voorwaar trots op julle!

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**